Saddlebred Society
Saalperdgenootskap

TEL: 051-4100956 ● FAX/FAKS: 086 5626 726 ●POSBUS / P.O.BOX 3853 ●HENRYSTR. 118 HENRY ST, BLOEMFONTEIN 9300 ●E-POS / E-MAIL: saddle@studbook.co.za

Nuusbrief

November 2016

Uit die kantoor:

Marike Simkin is aangestel as die nuwe sekretaresse. Die kantoor sal gesluit wees vanaf 15 Desember 2016 tot en met 3 Januarie 2017.

* Let wel: Verkopers bly verantwoordelik om sertifikate in te stuur na die kantoor vir oordragte na die nuwe eienaars, aangesien hulle die prosedure ken as lede van die Genootskap.
* Oordragte word deur die verkoper betaal, tensy skriftelik anders ooreengekom met die koper. Verskaf asb nogtans die kantoor se kontakbesonderhede aan die koper om die oordrag te finaliseer.
* U word herinner daaraan dat alle transaksies vooruitbetaalbaar is, by die kantoor, sowel as by die DNA Laboratoriums.
* Teken asb die sertifikaat af op die agterkant, voltooi die koper se besonderhede sowel as die datum van oordrag.
* Nuwe Vul-registrasies vereis twee naam-keuses asb. Duplikaat name word nie toegelaat nie, daarom dat 'n tweede keuse vir 'n naam benodig word, indien u eerste keuse vir 'n naam reeds geneem is.
* Nie-telerslede mag nie dekkingsertifikate vir hingste of leenbriewe vir merries uitreik nie. Die merrie moet in 'n geregistreerde telerslid se naam aangeteken wees tydens die geboorte van die vul.

Geboortekennisgewings:

A. Die moer van die vul **MOET** in u (die teler) se naam geregistreer wees tydens die vul se geboorte.

Indien u die merrie gehuur het vir teling moet u 'n skrywe van die merrie se eienaar by die geboortekennisgewing aanheg waarin hierdie persoon verklaar dat u wel die merrie gehuur het vir teeldoeleindes en dat die vul in ag geneem kan word vir registrasie.

B. Indien die vaar van die vul nie in u naam geregistreer was tydens die dekking van die merrie nie, **MOET** daar 'n dekkingssertifikaat voorsien word wat onderteken is deur die hings se eienaar.

   Hierdie dekkingssertifikaat moet die geboortekennisgewing vergesel aangesien die geboorte nie geprosesseer kan word alvorens die sertifikaat ontvang is nie. Die eienaar van die hings kan wel skriftelik 'n ander persoon volmag gee om dekkingssertifikate, van 'n spesifieke hings, namens hom te onderteken.

C. Daar word op die geboortekennisgewing voorsiening gemaak vir 'n eerste- en tweede naamkeuse vir u vul. Gebruik altwee keuses asb. Die afhandeling van die registrasie word vertraag indien daar korrespondensie aangegaan moet word om 'n tweede naamkeuse te ontvang omdat die teler dit uitgelaat het.

D. 'n Vulregistrasie sal alleenlik geprosesseer word indien bevestiging van die ouerskap ontvang is.

E. Laastens maar sekerlik die belangrikste. **GEEN** werk sal deur die kantoor verrig word alvorens die gelde daaraan verbonde die kantoor bereik het nie.

Saddlebred Society Council 2016/2017:

PRESIDENT

Dr George Aldrich – 082 494 5713

VICE-PRESIDENT

Mr Gert Koch - 083 566 7157

EASTERN PROVINCE SUB UNION

Chairman:
Mr Stephan Loock - 082 784 1098

Secretary:
Karen van Graan - 082 851 1798

FREE STATE SUB UNION

Chairman:
De Wet Human - 082 800 1430
Secretary:
Italine van der Walt - 082 625 3636

NORTHERN CAPE SUB UNION

Chairman:
Mr Ian Maritz - 082 353 5780
Secretary:
Nini van Deventer - 082 562 8634

NORTHERN GAUTENG SUB UNION

Chairman:
Mr Wim Bester - 082 567 5726
Secretary:
Tersia Malan - 082 462 8547

WESTERN PROVINCE SUB UNION

Chairman:
Mr Kobus Gerber - 082 4524031

Secretary:
Amanda Williams - 079 525 3196

BREEDER MEMBERS ON THE BOARD

NC - Wim van Bergen – 082 809 7876
NGSU - Dries Moolman - 082 494 5387
FS - Roy Dixon – 082 905 0293
WP - Hugo Visser – 083 233 7771
EP - Koekie de Villiers – 082801 5019

JUDGES ASSOCIATION

Mr CJ du Plessis – 082 820 0162

OFFICIALS ASSOCIATION

Mr Marius van Rooyen – 084 958 6015

PROFESSIONAL TRAINERS ASSOCIATION

Mrs Sumeri Botha - 072 032 6223 / 084 839 1612

AMATEUR REPRESENTATIVE

Mr Francois Dercksen - 082 555 1701

SADDLE SEAT SA

Mrs Amanda Williams - 079 525 3196

HORSE CARE – PER SUB UNION - CONTACT NUMBERS

EASTERN PROVINCE SUB UNION
Stephan Loock - 082 784 1098
Colin Moolman – 082 928 0389

FREE STATE SUB UNION
De Wet Human - 073 005 5305
Attie Koen - 0833109254

NORTHERN CAPE SUB UNION
Ian Maritz - 082 3535780
Wim van Bergen - 082 809 7876

NORTHERN GAUTENG SUB UNION
Wim Bester - 082 567 5726
Harold Poil - 082 686 1059

WESTERN PROVINCE SUB UNION
Kobus Gerber - 082 4524031
JP Hugo - 084 4333 919

Datum van Nasionale Kampioenskappe (Bloemfontein):

Die inskrywingsvorms sal middel Januarie uitgestuur word en die sluitingsdatum sal 3 Maart wees. **GEEN** laat inskrywings word aanvaar nie. **Die Skou sal plaasvind vanaf 24-29 April 2017. GEEN** nuwe inskrywers word aanvaar na die sluitingsdatum nie. Perde mag slegs ruil maar geen nuwe inskrywers word toegelaat nie.

Kwalifiseringsreël:

Slegs perde wat op die volgende wyse kwalifiseer, word toegelaat om in te skryf vir die Nasionale Kampioenskappe:

1. ‘n Plasing onder die eerste 5 plekke op enige een

Streekskou;

2. 'n Plasing onder die eerste 3 plekke op twee Klubskoue waar minstens 50 saalperde vir die skou ingeskryf was, soos bevestig deur die bepaalde skoukomitee;
3. Junior perde, Handklasse, Nuwelingsperde, Show Hack en Country Pleasure het nie nodig om te kwalifiseer nie. (Kinders en junior perde se ouderdomme sal tot hul voordeel in ag geneem word, veral met die verandering in ouderdomsgroep in die middel van 'n seisoen.);
4. Siek, of beseerde perde wat op geen Streekskou of twee Klubskoue binne die bepaalde Unie, kon kwalifiseer nie. 'n Mediese sertifikaat van 'n veearts word vereis voor of op met die sluitingsdatum vir inskrywings, synde 28 Februarie 2017;
5. Merries wat gevul het sedert die vorige Nasionale Kampioenskap; en
6. Indien 'n perd 'n yster trap of 'n ander voorval ervaar wat deelname aan die kwalifiserende klas onmoontlik maak op 'n kwalifiserende skou, kan die Baanmeester 'n brief gee ter bevestiging daarvan, in welke geval die perd as kwalifiseerd beskou word.

Grondwet:

Die nuwe Grondwet is beskikbaar op die webblad by die volgende adres: www.saddlebred.co.za

Webblad:

Besoek gerus ons webblad by www.saddlebred.co.za waar al die nuutste vorms en dokumentasie sal vind.

Fooie:

Die fooie vir 2016/2017 (vanaf 01/06/2016 – 31/05/2017)is ook op die webblad beskikbaar en wil net die volgende beklemtoon:

VOLWASSE LEDEGELD / SUBSCRIPTION:	**R 900**
LEDEGELD KINDERS / SUBSCRIPTION CHILDREN	**R 200**
Kuddefooi / Stud Fee	**R 50** *(per perd/ per horse)*

SAALPERDTELERSGENOOTSKAP
STANDARD BANK
Rek Nr/ Acc nr 041079914
Tak 055534

Gebruik asb die korrekte verwysings nr (Acc nr op u staat) en faks bewys deur na 086 5626 726 of
saddle@studbook.co.za

AJV besluite:

1. SAASU word ontbind en skakel by die Genootskap, maar daar is steeds 'n SAASU verteenwoordiger op die Raad. Alle SAASU Lede word nou direk Lede by die Genootskap. Daar is 'n bedrag van R126 000 wat aan die Genootskap oorbetaal sal word, wat geoormerk is vir hantering van Amateur aangeleenthede.
2. Die naam van die Genootskap is gewysig:
   Afrikaans: Saalperdgenootskap van Suid-Afrika
   Engels: Saddlebred Society of South Africa
3. Grondwetlike veranderinge;

((4.2.4))

"The acceptance of an application for membership is always subject to the inherent condition that the new member subjects him/her, or the entity represented by him/her, to the Constitution and all regulations and by laws, as well as the rules and Rule Book of the Society, as amended from time to time

((8.1.15))

"Five breeder members, one from each of the five sub unions, elected by members of each relevant Sub union, empowered to participate in discussions and with the right to vote. Such members may not be replaced by representatives at Council Meetings

4. SA Stamboek en Sekretariaat:

Die Genootskap bly by SA Stamboek as registrerende owerheid, sowel as by die Sekretariaat vir kantooradministrasie. Die Genootskap besnoei koste deur een sekretaresse se dienste te beëindig. Die instelling van 'n kuddelys-fooi word ingestel @ R50 per perd. Die kuddelyste se sluitingsdatum is 15 September 2016.

5. Leiriemklasse:
   Elke subunie kan self besluit oor die bedrag wat die kinders moet betaal. Hulle moet egter 'n aansoekvorm indien.
6. Alle Eienaars van perde moet ook subunielede wees wat ledegeld betaal.
7. Beoordelaars – Bloemskou:

Besluit dat daar 2 SA en 2 VSA Beoordelaars gebruik word. Indien daar nie geskikte VSA Beoordelaars beskikbaar is nie, moet teruggeval word op SA Beoordelaars.

8. Beoordelaars betrokke by stalle:

Besluit dat daar ‘n ekstra beoordelaar aangewys word wat kan instaan indien die ander Beoordelaar persoonlik betrokke is by ‘n klas/stalle/perd/vertoner

9. Aanstelling van SA- Beoordelaars vir die Nasionale Kampioenskappe 2017 is as volg*:* Jaco Jonker, Wim Bester and Carine Stephan (Sekunde)

10. Sluiting van Bloemskou-Inskrywings (voor en tydens die skou): GEEN nuwe inskrywers word aanvaar na die sluitingsdatum nie. Perde mag slegs ruil maar geen nuwe inskrywers word toegelaat nie.

11. Stap/Draf klasse:

Hou die hek toe gedurende die pronkrondte totdat al die ruiters by hek is. Hulle sirkel daar totdat almal daar is en stap dan uit.

Hou aan om musiek te speel tydens Stap/draf klasse, net sagter.

Stap/Draf klasse se pronkrondte moet volgens inkom-rigting wees om praktiese uitvoerbaarheids redes.

12. Aankondiger & Inligting:

Versoek vir meer volledige klasbeskrywings en inligting aan publiek deur aankondiger met aankondiging van klasnaam tydens die klasse. Dit word verwys na Johann Swanepoel vir hantering met beamptes.

Die plasings wat die beoordelaars gegee het tydens ’n klas op die Nasionale Kampioenskappe, moet uitgelees word wanneer die aankondiger die plasings uitlees.

13. Country Pleasure Harness klas as ‘n nuwe divisie

14. Finansiële bestuur:

Die finansiële bestuur bly soos dit tans is. Die President het volmag om te besluit oor betalings tot n bedrag van R10,000~~,~~ en die Finansiële komitee tot bedrae van R50,000.

15. Chirurgiese prosedures deur nie-veeartse:Dr Botha waarsku lede teen die privaat uitvoering van sommige van die prosedures. Die vergadering neem kennis.

16. Agenda en Notule van die AJV:

(a) Die Agenda van AJV in Engels en Afrikaans saamgestel word en aan lede gesirkuleer word;

(b) Die Notule van die AJV elke ander jaar om die beurt in Engels of Afrikaans aan lede gesirkuleer word;

(c) Dat beide die dokumente (Agenda en Notule), tesame met die Kennisgewing van Vergadering, 30 dae vooraf aan lede gesirkuleer word; (‘n Kennisgewing wat die tyd, plek en datum van enige algemene -of spesiale vergadering bevat, tesame met die notule van die vorige vergadering en die agenda van die betrokke vergadering ,moet ten minste 30 dae voor die aanvang van so ‘n vergadering aan die lede gestuur word. Dit moet gedoen word deur e-pos, gewone pos of per faks).

Logix:

Die nuwe Logix funksie vir nuwe rekenaars en slim toestelle is nou beskikbaar vir almal op Logix. Klik op die rooi gedeelte op die landings bladsy en teken in op nuwe logix met jou bestaande login.

LOGIX vir SMART toestelle en nuwe rekenaars

Elke lid registreer aanlyn en ontvang 'n unieke gebruikersnaam en wagwoord, wat net hy/sy ken.

Die lid kan dan aanlyn die volgende aksies doen:

a) Elektroniese indiening van Registrasies/Geboortes;
b) Deksertifikate van Hingste en Leenbriewe vir merries elektronies voltooi en dit word aan die betrokke merrie se produksierekord gekoppel;
c) Die papier-registrasiesertifikaat word nie meer deur Stamboek fisies uitgereik nie maar is elektronies beskikbaar. Die teler kan enige tyd self slegs sy eie perde se sertifikate druk van Logix af. Posdienste is stadig en onbetroubaar, en daar kan sodoende koste bespaar word;
(Die amptelike sertifikaat kan nog steeds aangevra word van Stamboek af teen 'n minimale koste).

d) Oordragte kan deur verkoper elektronies gedoen word. Die verkoper kan vir die koper 'n kopie van die sertifikaat uitdruk wat dan reeds in die koper se naam vertoon. Die transaksie is dus dadelik afgehandel; en

e) Kansellasies en kastrasies kan aanlyn gedoen word.

Die elektroniese opsie sal beskikbaar wees vir elke lid wat registreer vir die dienste. Lede wat verkies om steeds op die "papier"-opsie te bly, sal kan voortgaan daarmee, maar daardie opsie sal in die toekoms uitfaseer.

Saddle Seat SA - Nasionale Proewe 2017:

Die Nasionale Proewe sal plaasvind is 24 tot en met 28 Januarie 2017 in Bloemfontein.

Behandelingsvorms:

Gebruik asb die korrekte behandelingsertifikate vir enige behandeling van perde voor of gedurende Streekskoue/Bloemskou. Hierdie vorms is by die epos aangeheg asook op die Webtuiste beskikbaar.

Harde Hoede:

Die Saalperdgenootskap het versekering vir die Nasionale Kampioenskappe en alle streekskoue. Om deel te wees van hierdie versekering is harde hoede verpligtend vir alle perde wat gery of gewerk word op die skougronde, enige area, enige tyd, Hierdie is egter nie van toepassing tydens die amptelike skouklasse nie.

Koopkontrak:

Daar is 'n perde koopkontrak beskikbaar vir diegene wat belangstel op die Webtuiste of kontak die kantoor gerus.

Dwelmsake:

Enige perd in die skoubaan kan getoets word. Die boete vir 'n skulderkenning van n positiewe uitslag is verhoog na R5000, maar slegs vir die eerste oortreding.
Daar was tydens die Robertson Skou 'n oortreding van die Dwelmreëls van die Saalperdgenootskap van Suid-Afrika.

Positiewe dwelmtoets-resultate:

Skou: Robertson 2016
Inskrywer: Petro Botha de Waal
Perd: The Queens Butler
Middel/s: ACP/Neorotranq
Boete: R2000 terug gee van roset en prysgeld, en plasing - Skulderkenning

Lief en leed:

Baie geluk aan Mnr Poy Coetzee met sy verlowing.

Dit is met groot hartseer en leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van Mnr SA Bornman Snr.

TEN EINDE:

Die kantoor wens ieder en elk 'n baie Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toe.